basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE P2

## (PRAKTIES)

## 17 JULIE–23 OKTOBER 2020

**PUNTE: 100**

| | | |
|---|---|---|
| **TYD:** | **ONDERWERP 1:** | **Moet gedurende die 3de kwartaal by die skool en/of by die huis gedoen word. [50]** |
| | **ONDERWERP 2:** | **Moet gedurende die 4de kwartaal onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die skool gedoen word: 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur. [50]** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP 1: BRONBOEK
   ONDERWERP 2: KUNSWERK

2. Beantwoord AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.

3. Jou onderwyser moet hierdie eksamen inlei en fasiliteer.

4. In hierdie eksamen word daar van jou verwag om die volgende vaardighede te toon:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op 'n projek-opdrag.
   - Toon 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van 'n verskeidenheid materiaal en tegnieke.
   - Los visuele en konseptuele probleme op met die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik.
   - Bestuur tyd en die werkproses doeltreffend en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.

5. Jou finale praktiese eksamen in graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardigheid sal ten toon gestel word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars en oorspronklik wees en persoonlike ervaring oordra.

**ONDERWERP 1: BRONBOEK (Gekonseptualiseer deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees)**

Die bronboek bied insig oor hoe jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet al die denkprosesse wat tot die skep van die kunswerk gelei het, duidelik oordra.

**Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk deur tekenwerk, eksperimentering en skryfwerk uitgedink, ontwikkel en geskep is. Dit moet jou individualiteit en kreatiwiteit as 'n Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.**

Die bronboek maak 'n belangrike deel van hierdie eksamen uit. Jy mag by die skool en/of by die huis daaraan werk. Jou bronboek moet jou denkprosesse duidelik kommunikeer.

**Merk hierdie bronboek duidelik as eksamenwerk en bied dit saam met jou finale kunswerk, ONDERWERP 2, aan.**

Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens. word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.

As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale kunswerk te ontwikkel. Dit moet jou kreatiwiteit as 'n kunskandidaat weerspieël deur esteties opwindend en kreatief in die aanbieding daarvan te wees.

Kopiereg voorbehou 

**ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK (Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg)**

**Die eksamenwerk moet binne 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser, in die kunslokaal, gedoen word.**

**ALGEMENE RIGLYNE**

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die **praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gekies het**.

2. Jy kan jou werk aanbied as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. **Jy mag NIE die kunswerk uit die eksamenlokaal verwyder NIE. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.**

4. Jy moet die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek VOORDAT jy met die finale kunswerk begin.

5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.


6. Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie.

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ens. wees.

8. Kies verbeeldingryke onderwerpe, temas, simbole en metafore om 'n ekspressiewe, emosionele, konseptuele of perseptuele kunswerk te skep.

9. Jy kan ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.






FIGUUR 1: Norman OFlynn, ***Tydhouer 43 ('Timekeeper 43")***, gemengde media, 2017.

#Street culture #Selfie #Woke #Ice #Sharp #LOVE MY LIFE #Eish #Travel # Counterculture #Me Too #Extra # Street dance #Hip-hop #G #Gen Z#Hip #BAE #Basic #Coin #Gucci #Epic #GOAT #Lit #On point #The tea #YOLO #SHIP #Low Key #Salty # Smarteez #Zef



Collage, #**Straatkultuur**.

# # HUTSMERK ('HASHTAG')

**Kleur skep energie, energie skep inspirasie, en inspirasie skep verandering. Dit is ons verantwoordelikheid om onsself te inspireer, om ander te inspireer en om verandering te inspireer. Kuns is die hulpmiddel hiervoor.**

Die # hutsmerk('hashtag')-simbool staan algemeen as die nommer-teken, huts-, of pond-teken bekend. Die simbool is histories vir 'n wye reeks doeleindes gebruik. Die hutsmerk is nie meer 'n nuwe neiging op sosiale media nie. Jy dink dalk die pond-teken (#) word slegs gebruik om jou stempos na te gaan, maar dit het eintlik 'n heeltemal ander betekenis wanneer dit by sosiale media kom.

Hutsmerke speel 'n belangrike rol om belangstelling in jou sosialemediarekeninge te ontwikkel en word op 'n hele paar sosialemediaplatforms gebruik, bv. Twitter en Instagram. Wanneer jy 'n hutsmerk in jou plasings gebruik, help dit jou gehoor om inhoud te kategoriseer. Hutsmerke laat mense toe om plasings te vind wat verband hou met hulle belangstellings en het ook kontak met ander sosialemediagebruikers wat daardie belangstellings deel deur by die gesprek oor hutsmerk XY aan te sluit. Uit 'n besigheidsoogpunt, is dit jou kans om in so 'n gesprek raakgesien te word en om jou maatskappy te vestig.

***Kultuur is die som van alle vorms van kuns, liefde en denke, wat in die verloop van eeue die mens in staat gestel het om minder verslaaf te wees.* – Andre Malraux.**



FIGUUR 2: iHeart, Kanadese straatkunstenaar, ***Hutsmerk ('Hashtag')***, muurskildery, 2014.

***iHeart*** gebruik graffiti om sy opinie oor sosiale kwessies te lug. Hy gebruik stensilwerk op stadsmure en beklemtoon die negatiewe invloed wat sosiale media op die jeug het wat mense eerder vervreem as om hulle nader aan mekaar te bring.



FIGUUR 3: Chris Saunders, ***Ezomdabu – Vosloorus***, foto, 2016.

# **Straatkultuur**

Die straat is 'n gedeelde ruimte gemaak vir almal wat dit gebruik. Hierdie retro-styl verskuif die grense van mode, kuns, musiek, ontwerp en sport. Hierdie modevloedgolf het sy weg na Suid-Afrikaanse strate gevind waar jongmense stellings maak deur hulle uitrustings op verskillende maniere saam te stel. Tieners is gereed om hul eie identiteit te beklemtoon deur hul eie klere en ook die uithangplekke waar hulle dit dra, te kies. Die beweging is aanvanklik as 'n stedelike gebeurtenis beskou, maar hipsters word ook in landelike gebiede, townships en voorstede gevind.



#**Gedeelde ruimte**



# **Teenkultuur ('Counterculture')** is die ideologie van mense wat teen die hoofstroom-kultuur gaan. Hulle deel nie dieselfde waardes nie, en hulle is aktief besig om hulle te verset en dit te verander. Om deel van 'n teenkultuur te wees, beteken dat jy 'n ander stel reëls en gedrag het en 'n doelbewuste begeerte het om van die onaanvaarde hoofstroomwaardes geskei te wees. Dit impliseer aktiewe verset daarteen. Voorbeelde sluit die hippie-beweging en die mense wat teen die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog geprotesteer het, in.



FIGUUR 4: **Suid-Afrikaanse Studente-optogte**,1968.



FIGUUR 5: **Hippie-kultuur**, 1960's.

Suid-Afrika het, tydens oomblikke van oortredingspolitiek in die laat 1960's en vroeë 1970's, wat vorms en ideologieë van verset herontdek het en wat verset elders in die wêreld van 1968 nageboots het, reëls op verskeie maniere gebreek; party verwant aan opposisionele politiek teen apartheid en rassekapitalisme, ander meer indirek polities in die gees van die sestigs se teenkultuur.

Die hippie-beweging het mans en vroue wat musikante, kunstenaars en skrywers was, gelok. Daar was daardie tyd 'n duidelike skeiding tussen die geslagte aangesien die bevryding van vroue en die ontwikkeling van geslagsvryheid belangriker kwessies geword het.



FIGUUR 6: Ricky-Lee Gordon (Freddy Sam), ***Inspireer Onsself om Mekaar te Inspireer*** (**'*Inspire Ourselves to Inspire Each Other'*)**, muurskildery. Freddy Sam skep abstrakte muurskilderye wat stories vertel en Suid-Afrikaanse jongmense en internasionale kunstenaars aanmoedig om kreatief te wees. Sy plan is om sosiale verandering deur sy muurskilderye vol kleur en positiewe boodskappe te bewerkstellig.

# **Subkultuur** is 'n klein kulturele groepie binne 'n groter kultuurgroep, ontwikkel rondom mense met gedeelde belangstellings. Die waardes van die subkultuur word nie verander nie en hulle behou hulle eie sin van styl en hulle eie woordeskat. Voorbeelde van subkulture in Suid-Afrika is:

# **Erfenisdag** word gebruik om die baie verskillende kulture in ons land te vier. Hierdie dag het ook as Nasionale Braaidag bekend geword, wat ook as nog 'n Suid-Afrikaanse subkultuur beskou kan word. Dit word baie dinge genoem: Chisa Nyama, Braai en Ukosa. Verskillende kos word op die braai gesit, soos lamsvleis, beesvleis, varkvleis, vis en selfs mielies. Wat nooit verander nie, is dat wanneer Suid-Afrikaners iets het om te vier, dan doen hulle dit deur die braaivleisvure aan te steek en lekker kos gaar te maak.



FIGUUR 7: Jan Braai (Jan Scannell), **Hoenderbraai in Gugulethu**. Jan is die man agter die Nasionale Braaidag-inisiatief.
Die Braaidag-inisiatief koester en omvat 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse kultuur wat deur alle rasse en geslagte gedeel word.

# **Izikhothane** of Skhotanes, beteken om te 'lek' of om te spog. 'n Groep Soweto-jeugdiges dra met trots duur ontwerpersklere wat ver bokant hulle eie finansiële status gaan. Hulle loop ook rond en wys mense die geld wat hulle het, terwyl hulle aan alkoholiese drankies met duur handelsmerke teug. Izikhothanes neem deel aan 'n ietwat bisarre ritueel waar hulle na ander buurte gaan en hulle eie duur (soms splinternuwe) uitrustings verbrand, net om status in die gemeenskap te verkry.



FIGUUR 8: Trendsetter @life_of_kingkido. #ichoosetobeclean #izikhothane #skhothane #asinavalo




FIGUUR 9: Obakeng Molepe, foto.
http://kalamu.com/neogriot/2016/08/27/photo-essay-post-apartheid-youth-subcultures-amapantsula-and-izikhothane/

# **Smarteez** is eksentriek en 'out there'. Hierdie jeugdige groep mode-ontwerpers dra helder, botsende kleure om hulle eie stellings te maak. Die Smarteez (in vryheid gebore) ('born free') is die bes geklede sterre van hierdie nuwe golf van kuns, musiek, fotografie en mode. Hulle skep Technicolor-couture vir die reënbooggenerasie en is vasbeslote om voordeel uit hulle vryheid in die nuwe Suid-Afrika te trek deur enige beperkings op hulle selfuiting te verwerp.



FIGUUR 10: Daniele Tamagni, ***'Fashion Tribes Jerry Moeng del gruppo Smangor'***, foto, Johannesburg, Lambda c-print, 2012.



FIGUUR 11: **Selfgeboude fiets/skopfiets** gebruik om goedere te vervoer.



FIGUUR 12: Daniele Tamagni, ***Pierewaaiers van Bacongo ('Playboys of Bacongo')***, foto, Lambda c-print, 2008.

Hierdie mense is dikwels uit hulle eie gemeenskappe gedryf of verstoot en in 'n soeke om uit te staan, veg hulle terug en druk hulle kreatiwiteit en blydskap deur persoonlike styl uit. *Fashion Tribes* bied 'n wye beeld van hoe die wêreld aantrek en toon die mag wat kleredrag kan inhou.

# **Zef** is 'n meer bekende subkultuur. Dit het 'n huishoudelike naam geword na aanleiding van 'n gewilde rap-groep. Die woord 'zef' beteken dat jy letterlik nie omgee wat ander van jou dink nie; jy stel jouself voor in jou musiek, in hoe jy aantrek, in hoe jy dink en in hoe jy praat.



FIGUUR 13: **Jack Parow**, Suid-Afrikaanse Afrikaanse rapper.




FIGUUR 14: **Beeldhouwerk/Robot**, met selfone gemaak, sit op parkbankie.



FIGUUR 15: **Riksja** ('n ligte tweewielkarretjie vir vervoer van mense en bagasie)



FIGUUR 16: **Versierde kontemporêre pantservoertuig en bus**.



FIGUUR 17: ***Hear Me Move***, film in Suid-Afrika deur die 20 Film Tour.
Regie deur Scotness L Smith.









FIGUUR 18: **Handewerk** op strate van Suid-Afrika gevind.

Die Kaapstadse fotograaf, Ed Suter, ondersoek die nosie (voorstelling) van Suid-Afrika ná apartheid deur middel van straatmodes en -kultuur. Met sy fotografie skilder hy 'n kleurryke beeld van hoe stedelike Suid-Afrika homself in die nuwe millennium deur modes en straatkuns herdefinieer.




FIGUUR 19: Suter neem die sypaadjies van Suid-Afrika in en onthul 'n eklektiese menigte van hoe mense oor die kleurgrense heen hulleself deur **straatmodes**, **graffiti** en **handgeverfde straat-advertensies** uitdruk.




FIGUUR 20: Hierdie **jong meisie** met 'n **afro-haarstyl** dra 'n treffende blou rok met 'n wit kraag. Haar hare en aansteeklike glimlag maak dat jy haar onmiddellik in die strate van die stad raaksien




FIGUUR 21: Ashraf Hendricks, foto, 2019. 'n **Leerder** by 'n Suid-Afrikaanse skool lig haar gebalde vuis tydens 'n versetaksie teen klimaatsverandering buite die parlement in Kaapstad.




FIGUUR 22: **Handgemaakte draadkarretjie/beeldhouwerk**



FIGUUR 23: Romare Bearden, ***Die Straat ('The Street')***, collage, datum onbekend.




FIGUUR 24: Asha Zero, ***Ongetiteld***, akriel op bord, 2012.

**Jy moet 'n kunswerk skep waarin jy jou persoonlik standpunt van '#...' deel.**

**ONDERWERP 1: BRONBOEK**

- Begin deur jou eie foto's van 'n populêre/straatkultuur in jou buurt te neem. Jy kan ook sketse maak. Sny prentjies uit tydskrifte wat met die tema verband hou. Maak 'n collage wat populêre/straatkultuur toon deur geboue, mense, diere ens. in te sluit. Probeer om dit te verpersoonlik. Dit kan ook 'n beeld wees van hoe jy jou verbeel jou woonbuurt sou gelyk het as dit 'n bedrywige straatkultuur gehad het. Kyk na die woorde op bladsy 19 om jou te inspireer. Dink aan die formaat van jou collage – miskien 'n panoramiese uitsig in 'n lang, dun formaat. Onthou dit moet 'n lewendige, kontemporêre gevoel hê met gebruik van funky (ongewone), 'hip' (byderwetse) kleure en patrone. Jou bronboek moet 'n gevoel van opwinding skep.
- Gebruik jou collage as 'n beginpunt om jou kunswerk te ontwikkel. Oorweeg dit om verskillende areas van die collage te gebruik deur duimnaelsketse te maak. Maak 'n tonale skets van jou finale komposisie en dui jou bedoeling aan. Onthou dat 'n goeie idee visueel opwindend moet wees.
- Doen navorsing oor historiese en kontemporêre kunstenaars wat die populêre/straatkultuur as inspirasie gebruik het.
- Vind drie kunstenaars wat jy voel 'n kontemporêre stemming in hulle werk vasgevang het. Maak 'n fotokopie van 'n kunswerk deur elkeen en kopieer 'n gedeelte van hulle werk om aan hulle tegniek gewoond te raak. Dit kan straat-/populêre/kontemporêre kunstenaars insluit.
- Ander relevante konsepontwikkeling. Sien toe dat die werk in jou bronboek ten minste 8 tot 10 bladsye lank is en ten minste 30% se tekeninge/prosestekeninge insluit.

Voordat jy jou kunswerk begin, is dit belangrik om 'n PERSOONLIKE REAKSIE te ervaar en om weg te bly van visuele beelde wat cliché is.

**Onderwysers moet die aanvanklike dinkskrum-/navorsingsproses fasiliteer.**

Begin deur in die vorm van 'n breinkaart die tema '#' in jou bronboek te konseptualiseer.

**Gebruik die riglyne hieronder om 'n kunswerk te skep waarin jy idees, emosies en gedagtes oor '#' te deel. Jou onderwyser moet hierdie proses fasiliteer.**

- Bedoelings, doelwitte of idees wat jy graag wil oordra
- Visuele beelde wat jou bedoelings die beste sal uitdruk
- Verkenning van en eksperimentering met materiaal en tegnieke wat 'n minimum van EEN tonale tekening wat met die tema verband hou, insluit
- Onthou dat 'n minimum van 30% tekeninge moet wees wat jou konsepontwikkeling verduidelik wat ten minste een tonale tekening/prosestekening/maak van merke/visuele bewyse/krabbels met gebruik van enige media moet insluit.
- Media wat hierdie idees suksesvol oordra/kommunikeer
- Tegnieke wat die geskikste sal wees vir die uitdrukking van jou media en idees
- Grootte, formaat en aanbieding wat die geskikste vir jou idees sal wees
- Dokumenteer persoonlike denkprosesse/reaksie op die tema deur jou vaardighede en tegniek/fisiese betrokkenheid te toon.
- Sien die assesseringskriteria op bladsy 20, 21 en 22.

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

Dit is belangrik dat jy 'n sterk en lewendige stemming/atmosfeer in die kunswerk skep. Jou kunsonderwyser sal riglyne gee oor die skep van die finale kunswerk.

**Jy moet nou 'n kunswerk met die tema '# Hutsmerk' skep.**

**Neem die volgende in ag as 'n inspirasie/idee vir jou finale kunswerk:**

- Wat is jou subkultuur? Eie ondersoek.
- Suid-Afrikaanse straatkultuur
- Suid-Afrikaanse of internasionale subkulture en teenkulture, bv. hipsters, surfers, punks en hippies
- #Climate change
- # MeToo-beweging
- #NoDomesticTrade
- #NotonMyWatch
- #EyesOnIvory
- #Conservation
- #SaveTheRhino
- #Ecofriendly
- #Recycle
- Enige ander interpretasies

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | • Die kandidaat het baie idees ontwikkel; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voor een finale idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeester probleem-oplossingsvaardighede.<br>• Poging is veel meer as wat vereis was.<br>• Die 'WOW'-faktor is duidelik.<br>• Werk toon groot mate van innovering. Die werk as 'n geheel is vol selfvertroue en spreek tot 'n mens; dit vang die kyker vas met die uitstaande visuele eienskappe.<br>• Die werk toon duidelik 'n oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van 'n wye reeks elemente en beginsels.<br>• Inhoud/Konseptuele rykdom van die werk is uitstekend.<br>• Uitstaande en oorspronklike aanbieding; buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend; vlot; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. |
| **Uitstekend** | 80–89 | • Treffende impak; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oorwoë; minder beslis; 'n paar geringe foute sigbaar.<br>• Die meeste van die bostaande, maar sonder die 'WOW'-faktor.<br>• Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar 'n gebrek aan tegniese rykheid. |
| **Baie goed** | 70–79 | • Goed georganiseerd, soos hierbo, maar 'n gebrek aan die 'glans en sprankel' (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar ooglopende teenstrydighede/tekortkominge sigbaar.<br>• Goeie bewyse van moeite en toewyding.<br>• Interessant/Innoverend/Kreatief, maar nie tegnies afgerond nie.<br>• Tegnies goed, maar gebrek aan konseptuele rykheid of andersom. |
| **Goed** | 60–69 | • Die werk toon 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelik moeite gedoen met aanbieding; steurende/ooglopende teenstrydighede.<br>• Goeie vlak van bevoegdheid. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | • Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig.<br>• Verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie.<br>• Billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede.<br>• Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid; moontlik beperkte betrokkenheid met betrekking tot tyd en moeite.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer, met min transformasie van beelde.<br>• Min bewyse dat iets ongewoons probeer is.<br>• Die omvang van die werk is eng en/of herhalend. |

| | | |
|---|---|---|
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie.<br>• Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees.<br>• Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie.<br>• Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewyse van beplanning nie, of onvolledige beplanning. |
| **Swak** | 30–39 | • Net genoeg materiaal/werke om te slaag.<br>• Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik.<br>• Min moeite gedoen om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie.<br>• Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/ motivering om te slaag.<br>• Onvoldoende tyd aan taak gewy; standaard onder dit wat aanvaarbaar is.<br>• Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig; geen bewyse van oorspronklike denke nie. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weinig of irrelevante werk/visuele inligting.<br>• Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.<br>• Baie swak vaardigheidsvlak.<br>• Projek is baie swak of onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat lewer min insette.<br>• Klasse is misgeloop en kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | • Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie.<br>• Werk onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat het geen moeite gedoen nie.<br>• Die meeste klasse is misgeloop en die kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

| ASSESSERINGS-KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Voorgestelde punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsepontwikkeling** | • Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsepontwikkeling te toon | |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>○ Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer<br>○ Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>○ Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke<br>○ Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van **jou** werk en **jou** besluite ondersteun. | |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsepontwikkeling te verduidelik. | |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Dit moet visueel interessant wees en 'n persoonlike benadering toon.<br>• Jou bronboek moet uit gemiddeld 8 tot 10 bladsye bestaan. | |
| | **TOTAAL** | **50** |

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

| ASSESSERINGS-KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Voorgestelde punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie | |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe, unieke en ongewone reaksies/oplossings | |
| **Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan | |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in aangewese tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | |
| | **TOTAAL** | **50** |

| **VERKLARING VAN EGTHEID** | |
|---|---|
| **Hierdie verklaring moet deur die kandidaat voltooi en geteken word. Dit moet ook deur die onderwyser geteken word en dek alle bewyse voorgelê.** | |
| **Kandidaat se naam:** | **Datum:** |
| **Ek verklaar dat die aangehegte NSS praktiese eksamen alles my eie, oorspronklike werk is en nie enige werk deur iemand anders as ek insluit nie. Ek het die eksamen volgens die instruksies en tydsbeperkinge voltooi.** | |
| **Kandidaat se handtekening:** | **Datum:** |
| **Onderwyser se naam:** | **Datum:** |
| **Namens ............................................................................................ (sentrumnaam) bevestig ek dat, volgens my kennis, die voltooide, aangehegte werk die oorspronklike werk van die kandidaat hierbo is en dat dit onder die vereiste toestande voltooi is.** | |
| **Onderwyser se handtekening:** | **Datum:** |
| **Skoolhoof se handtekening:** | **Datum:** |

## ADDENDUM A

1. Daar word van die kandidaat verwag om EEN kunswerk in die PRAKTIESE OPSIE te maak wat hy/sy HIERDIE JAAR GEKIES HET. Gespesialiseerde opsies sluit teken, skilder, beeldhouwerk, drukkuns, multimediawerk, fotografie, installasies, nuwe media, ens. in.
2. Party kandidate het die vryheid nodig om oor dissiplines te werk. Dit is in ooreenstemming met kontemporêre kunspraktyke. 'n Gespesialiseerde fokus op skilder kan die verkenning van driedimensionele werk en nuwe media insluit.
3. Kandidate se kunswerke word volgens die kriteria vir die vak, Visuele Kunste, nagesien en nie volgens die gespesialiseerde dissipline, bv. skilder en fotografie, nie. In alle gespesialiseerde dissiplines moet daar 'n balans wees tussen tegniese (vorm) en konseptuele (inhoud) aspekte binne die benadering wat gekies is. Die kandidaat se bedoeling met en benadering tot beide die tegniese en konseptuele aspekte van die werk moet in aanmerking geneem word wanneer die kunswerk(e) geassesseer word.
4. Kontemporêre kunstenaars ontleen uit 'n oneindige verskeidenheid materiaal, bronne en style om kuns te skep. Kontemporêre kunstenaars wat binne die Postmoderne Tydperk werk, aanvaar die idee van 'kunssinnige pluralisme', die aanvaarding van 'n verskeidenheid kunsbedoelings en -style.
5. **Vandag se kontemporêre kunswêreld toon 'n oorkruising/integrasie van media/ tegnieke, wat beteken dat ons vooropgestelde idees en tegnieke voortdurend verander. Praktiese werk moet altyd deur kontemporêre kunspraktyk ingelig word. Dit moet tydens die nasien van eksamenwerk in gedagte gehou word.**
6. **Kreatiwiteit, innovering en individualiteit moet beklemtoon word.**

## ADDENDUM B: RIGLYNE VIR NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

Volgens die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is daar geen voorskrifte oor gespesialiseerde dissiplines, soos donkerkamerfotografie, die maak van afdrukke, teken en beeldhou nie. Onderwysers moet die KABV-dokument raadpleeg vir riglyne oor tradisionele gebruik en ook na tradisionele gebruik en praktyke in kontemporêre skone kuns in hierdie dissiplines verwys. Hieronder is algemene riglyne vir die grys areas in kontemporêre dissiplines: nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns, ens.

**Om in nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns te werk, waarborg NIE hoë punte NIE.**

### BRONBOEK: NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

- Konsepontwikkeling en -uitvoering moet 'n belangrike rol in alle nuwe-media-/multimedia-/digitale werk speel. Bewys van die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die konsep in sy/haar werk gelei het, moet visueel sigbaar wees.
- Die bronboek moet bewys toon van:
  - **Relevante bronmateriaal** – eie bronne geskep met die gebruik van sagteware of met die hand geskep en met verskeie digitale prosesse ingevoer
  - **Konsepontwikkeling** (duimnaelsketse, skryfwerk en/of 'n storiebord)
  - **Navorsing oor kunstenaars** wat soortgelyke benaderings volg
  - **Dokumentering van programme** wat gebruik is, bv. skermskote
  - **Ten minste 30%** moet tekeninge wees om konsepontwikkeling te verduidelik. Dit moet bewys van handvaardighede toon.

### KUNSWERK: NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

- Alle nuwe-media-kuns moet **kunssinnigheid bo tegniese vaardighede beklemtoon**. Met ander woorde, dit is nie die kandidaat se vaardigheid in 'n spesifieke rekenaarprogram wat geassesseer word nie, maar die estetiese gebruik daarvan. Daarom is navorsing oor kontemporêre kunstenaars noodsaaklik om 'n eie kunswerk te skep. (Kandidate moet onderskei tussen die gebruik van hierdie nuwe tipes media om kuns te skep, in teenstelling met ontwerp, bv. musiekvideo's.)
- Die gebruik van rekenaartoepassings as 'n hulpmiddel om konsep, ekspressiewe en formele kwessies te realiseer (soortgelyk aan hoe 'n skilder sy kwas en verf sou gebruik)
- Kandidate moet konseptuele, estetiese, ekspressiewe en formele kwessies as fundamenteel tot die benadering beskou, kontekssensitiwiteit ingesluit.
- Persoonlike kontrole en uitvoer van werk
- **Aanbieding is belangrik:**
  - Videokuns en animasies word gewoonlik in kunsgalerye en -museums in groot formaat aangebied om die kyker met 'n totale sensoriese ervaring te oorweldig. Alhoewel dit nie in die meeste skole moontlik is nie, moet die kandidaat die impak van die werk op 'n rekenaarskerm oorweeg.
  - In tweedimensionele digitale werk kan die finale kunswerk nie slegs 'n A4-afdruk wees nie. Dit moet 'n reeks van ten minste DRIE A4-werke wees wat narratief verbind is OF in A2 gedruk en gemonteer wees.
- In animasie-/videokuns moet ruimte, tyd, beweging, narratief, chronologie, interaksie van beeld en klank in ag geneem word.
- Kandidate **moet die klankbaan in animasie-/videokuns** sorgvuldig oorweeg. Dikwels verleen die klankbaan 'n 'musiekvideo'-gevoel aan die werk en weerspreek die boodskap. Kandidate kan hulle eie klanke skep.

## DIGITALE FOTOGRAFIE

- Die minimum vereiste is VIER A4-verwante digitale afdrukke OF iets soortgelyks in grootte, bv. DRIE A3-afdrukke of EEN A2-afdruk, of groter.
- Die foto's moet as EEN kunswerk **gekonseptualiseer en aangebied** word, bv. deur 'n narratief te volg.
- Plaas die digitale beelde op 'n CD en plaas dit voor in die bronboek. Alle digitale sagtewareprosedures moet deeglik in die bronboek aangeteken word. Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat al die redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer. Dit is die enigste manier om digitale werk as eg te verklaar, aangesien so baie digitale kunswerk op die internet vir aflaai beskikbaar is. Onderwysers moet die ontwikkeling van die kandidaat se digitale proses moniteer.
- Die bronboek moet die volgende insluit:
  - Die program wat gebruik is (bv. Adobe Photoshop 7)
  - Alle digitale sagtewareprosedures. Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat alle redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer.
  - Die hulpmiddels wat die kandidaat gebruik het om sy/haar beelde te manipuleer, met ander woorde verstellings gemaak, filters gebruik (verwringing, geraas, vertolking, skets), ens.
- Kandidate moet die aanbieding van die werk deeglik in ag neem.
- Kandidate wat hierdie opsie kies, moet hulself vertroud maak met kontemporêre ontwikkelings in digitale fotografie in skone kuns.
- Fotografie, beide tradisioneel en digitaal, is nie net 'n tegniese oefening nie, maar sluit ook vrae oor estetika, bedoeling, inhoud, ens. by die assesseringskriteria in.
- Doen alle manipulasie en veranderings aan die foto's gedurende die 24 uur van die eksamen.

**Assessering van fotografie:**
- Interpretasie en kommunikasie van die tema. Kandidate moet in staat wees om verhoudinge tussen beelde saam te stel en te vorm.
- Die werk moet 'n hoë mate van oorspronklikheid en sterk kreatiewe eienskappe weerspieël. Dit moet as skone kuns lees, daarom is konseptualisering in die bronboek noodsaaklik.
- Beelde moet met mekaar en die tema verband hou. Geen lukrake keuse nie.
- Formele elemente en beginsels.
- Fotografie kan met ander media gekombineer word.

## INSTALLASIE

- Installasies breek weg van tradisionele skilder- en beeldhouwerk deur driedimensionele ruimtes te skep wat kykers kan betree en deur 'n kunstenaar se prosesse en visies omring word. 'n Omgewing word geskep deur voorwerpe in ruimte te rangskik en omgewings wat die ruimte self verander of versterk.
- Dit moet ooreenkom met kontemporêre ontwikkelings in skonekuns-praktyke.
- Twee- en driedimensionele elemente in 'n omgewing.
- Kandidate kan klaargemaakte items ('ready-mades') gebruik.
- Kykerinteraksie met ruimte is belangrik.
- Sensitiwiteit vir kykerontvangs en interaksie op veelvuldige sensoriese vlakke.
- Installasiekunswerke moet beide tegnies en konseptueel volledig afgerond word. Daar moet uitgebreide navorsing en konsepontwikkeling in die bronboek wees om die kunswerk te regverdig.

**UITVOERENDE KUNS ('PERFORMANCE ART')**

- Beplan, dokumenteer en repeteer uitvoerende-kuns-stukke deeglik.
- Maak tekeninge deur die hele konseptualiseringsproses van die uitvoering.
- Dokumenteer die uitvoering fotografies, videografies en met tekeninge en woorde.
- Gee sorgvuldig aandag aan die subtiele verskille tussen Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Dramatiese Kuns.
- Vir die finale eksamen sal die dokumentasie van die opvoering geassesseer word en nie die werklike opvoering nie weens die aard van die eksamen- en modereringsproses.

Kopiereg voorbehou